**Sondag 5 Februarie 2023**

**Sout: Geur vir die Gemeenskap**

Ons gaan nou toelaat dat die Here ons vorm vanuit sy woord. Ons lees vandag vanuit Matteus 5:13-16. Dit is deel van die Saligsprekinge wat ons in Hoofstuk 5 lees, en dit is belangrik om te onthou dat alhoewel daar verskillende opskrifte is, het die eerste Bybel nie sulke opskrifte gehad nie. Dus is hierdie steeds deel van die Saligsprekinge alhoewel daar n aparte opskrif is. Ons lees ook hoe Jesus op met die berg gegaan het. Jesus is hier, soos Moses, besig om sy volk weer te leer. Amper half soos 'n tipe opdatering van die verbond wat hul alreeds 'n ruk gelede gehoor het.

Ek lees Matteus 5:13-16, eers uit die 1983 vertaling:

13. "Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit.
14. "Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;
15. ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis.
16. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

Nou uit die The Message/Die Boodskap vertaling:

[13] "Let me tell you why you are here. You're here to be salt-seasoning that brings out the God-flavors of this earth. If you lose your saltiness, how will people taste godliness? You've lost your usefulness and will end up in the garbage.

[14-16] "Here's another way to put it: You're here to be light, bringing out the God-colors in the world. God is not a secret to be kept. We're going public with this, as public as a city on a hill. If I make you light-bearers, you don't think I'm going to hide you under a bucket, do you? I'm putting you on a light stand. Now that I've put you there on a hilltop, on a light stand—shine! Keep open house; be generous with your lives. By opening up to others, you'll prompt people to open up with God, this generous Father in heaven.

- Stilte/ Meditasie lied

Ek wil net voor ek verder gaan, graag hoor, wie in die huisgesin gooi sout oor hul kos nog voordat hul eers daaraan geproe het? Ek weet ek het in my huwelik ook vroeg geleer dat terwyl ek nog so staan en kos maak, dan kom die soutpot hier oor die skouer. Of wie is daardie persone wat glad nie sout oor enigiets eet nie? Of wie was al by 'n ete waar daar heeltemal te veel sout in die dis was, maar jy het gekies om liewer maar net niks te se daaroor nie?

Ek wil vanoggend oor die sout gesels.

'n Volwasse mense het ongeveer 250Gram sout in sy liggaam.

En natuurlik is sout aan ons almal baie bekend. Jy kan ook in enige winkel instap en vir jou klomp verskillende tipes sout koop. Braai sout, Badsout, Fyn sout, Pienk Sout, Swart Sout. Die geheim bly egter om in die Bybelse wêreld in te klim en te vra, wat het sout vir hulle beteken:

Hier is 'n 5 interessante feite oor sout:

1. In die Romeinse tyd was dit moeilik om sout in die hande te kry en is dus as baie kosbaar beskou. Sout was die olie van daardie tyd gewees. Die een wat die sout gehad het, het die mag in die land gehad.
2. Die een wat die sout gehad het, het die kos in die land beheer. Romeinse Soldate is baie keer met sout betaal i.p.v hulle salaris. Dus daarvandaan ons gesegde Jy moet jou sout werd wees.
3. Pasgebore babatjies is in Bybelse tye met sout gewas om kieme dood te maak. Later sou hul ook sê mense het oorloë verloor omdat daar nie genoeg sout was om die wonde te genees nie.
4. Tydens die doop van babatjies is daar ook sout op die Baba se tong gegooi as teken daarvan dat hy/sy die sout vir die wêreld moet wees.
5. Sout is gebruik om die verbond te seël. Dus sou dit die sluiting/ die handdruk/handskut/ handtekening van die verbond gewees het

En Jesus sê vir hulle Julle is die Sout vir die aarde….

Wanneer Jesus hier met sy dissipels op die berg staan en hierdie vir hul dit sê, dan sou dit vir hul dadelik 'n betekenis ingehou het. Omdat die Romeinse soldate die Sout beheer het- het mense hul die sout vir die aarde genoem. Mense sou gesê het, daar is die Romein die man van die sout. Net soos ons kan sê daar is Frans van Old Mutual, Dossie van Remax, Marius van die skool. Jesus kom keer dit om en sê vir hulle, julle is Sout vir die aarde. Nie hulle nie JULLE……

Wanneer Jesus staan en praat, dan sou die dissipels in die vêrte by die see van Galilea vissermanne gesien het, vissermanne wat sout gebruik het om die vis wat hul gevang het te preserveer, om te verseker dat dit nie verrot nie. Om te verseker dat die vis behoue bly. Om te verseker dat die is nie nutteloos raak en begin stink nie.  Julle- die dissipels julle is die mense wat verseker dat hierdie geloof behoue bly. Julle is sout vir die aarde. Julle is die mense wat my geloof preserveer/ preserve.

Wanneer Jesus met sy dissipels staan en praat, dan sou hul geweet het, dat tydens die pasga maaltye op Vrydae word die brood in sout gedoop, om geur te gee. Sout is 'n geurmiddel. Om smaak te gee, of om die smaak van iets los te maak. Julle- die dissipels is die sout vir die aarde. Julle is die persone wat smaak, wat geur moet gee aan die wêreld rondom julle….

Maar wat help dit vir my en jou. Want baie van die bogenoemde het ek alreeds vantevore gehoor, en ek onthou die soutpotjies wat by Belydenisafleggings uitgedeel is ens. Wat ek wel weet nie help nie, is wanneer ons met Sout maak soos hierdie man:

- Speel video van man wat Sout in kos gooi:

Vriende die sout op die tafel. Die sout in die middel van die kombuistafel beteken niks. Dit het geen waarde nie. Hierdie (wys dit) salt shaker beteken net mooi niks in die middel van die kombuistafel. Al wanneer die sout waarde het, is wanneer die sout homself verloor in die maaltyd. Wanneer dit meng met die kos. Wanneer dit sy oorspronklike vorm verloor en 'n ander vorm aanneem. Wanneer dit geroer word. Wanneer dit gekook word. Dit is eers wanneer die sout homself weggee- dat hy sy volle potensiaal bereik.

DIE SOUT WAT NOOIT HOMSELF WEGGEE VERLOOR NIE WAARDE NIE. Die sout wat net bly staan word later hand nutteloos. Dit kon netsowel vertrap of weggegooi word…. Die Sout wat net op Self gerig is, het ook geen waarde nie.

Ons lewe in 'n samelewing wat daagliks uitskree! Gee aan die sout…..  Ons lewe in 'n wêreld waar mense roep, Gee aan die sout! Gee smaak aan my lewe. Help my in my lewe behoue bly. Help my sin

maak van my bestaan. Gee geur aan my lewe. Gee betekenis aan my. Laat my geliefd voel? Verduidelik vir my hoekom, waarom hierdie goed met my gebeur of nie gebeur nie? Gee aan die sout- maak die lewe vir my smaaklik!!!!

En dan lees ons weer die woorde van Matteus 5:13

13 “Let me tell you why you are here. You’re here to be salt-seasoning that brings out the God-flavors of this earth. If you lose your saltiness, how will people taste godliness?

En dan kom die opdrag van Matteus 5:13 wat sê JULLE is die sout vir die aarde. Let wel, daar staan nie dat ons dalk miskien tog eendag sout of lig moet word nie, of dat ons dalk miskien tog eendag sout of lig sal wees nie. Nee die Here sê: Julle is dit. Die vraag is: Is ons wat ons is? En is ons Sout en Lig vir die hele wêreld?

Dit is ‘n kuns om sout te wees. Want ek kan nie myself net op 1 ding uitgiet nie. Ek kan nie oral waar ek gaan net links en regs sout strooi nie. En ek het al by geleenthede te veel sout op een plek gegee. En ek het al by geleenthede gedink sout is nie hier nodig nie, maar toe was dit wel nodig. Maar soos wat ek ouer word, leer ek wanneer om te gooi, en wanneer om nie te gooi. Wanneer om eers te proe, of wanneer om niks by te voeg nie en net te geniet…

Dit is ‘n kuns. Dit is geloof.

En wanneer ek die mense rondom my sout, dan is my dade soos die sout dikwels onsigbaar. It is invisible- Small and selfless. Niemand weet nie. Niemand sien dit raak nie. Niemand praat daaroor nie. Ek weet nie of dit van waarde is nie. maar ek hou aan dit doen.

Maar hierdie week het ek ook gedink aan Sout en Lig wat beide eintlik maar Small+ selfless is. Sout en lig is beide klein en onbaatsugtig.

*‘n Soutkorrel is klein, en sommige kerse is ook klein, maar tog maak dit ‘n groot impak. Die soutkorrel en die lig bestaan ook nie vir homself nie. Die kers is nie daar om vir homself lig te gee nie, en die soutkorrel nie daar om vir dit self geur/smaak te gee nie, nee beide bestaan vir ander. Beide die sout en lig is eintlik besig om dit self weg te steek, om juis ander geure na vore te bring. En terwyl dit sout en die lig se lewe nie oor hulself gaan nie, maak dit ‘n reuse impak in die lewe van ander. Dit maak ‘n klein en onbaatsugtige impak op mense se lewens. Mens kom vinnig agter wanneer dit nie tot die voedsel bygevoeg is nie, en mens verlang na de lig wanneer die kers dood is of die skakelaar af…*

Ek dink byvoorbeeld aan:

- Persoon wat moeite doen met familie. Ek los nie net my ma/pa in die ouetehuis nie. Ek los nie net hierdie broer of suster van my wat my so seergemaak het nie. Ek is sout vir die aarde. Sout vir my familie.
- Die dokter met die 500 Pasiënte in Januarie/ Die onderwyser in die skool propvol kinders
- Die buurman wat weet daar bly nuwe mense in die huis oorkant
- Die ouer wat die skool aanspreek as hy/sy nie met iets saamstem nie
- Die manier hoe jy by jou winkelsentrum met iemand gesels, al is jy ontsteld want die eiers is nie meer op dieselfde plek nie.
- In die verkeer as jy ook oor Moffet in Kaapweg wil gaan
- In die werkplek, rondom die ketel by daardie kollega wat jy weet nie vandag hom/haarself is nie. Ek is sout vir die aarde. Ek gee geur aan hierdie maatskappy

- In die motor wanneer jy iemand ander se kinders rondry en jy vir ‘n paar minute met hulle kan gesels.
- Die familie wat t.s.v. ‘n propvol program nie huisgeloof/ huisgodsdiens en die samekoms van gelowiges afskeep nie.

En ja dit is dalk net ‘n klein bietjie:

Prof. Johan Cillier het eenkeer opgemerk:

> Julle is sout vir die aarde, miskien net een korreltjie, maar daardie korreltjie kan mense wel proe.
>
> Julle is lig vir die wêreld, miskien net 40 watt, maar daardie 40 watt verlig die kamer.
>
> Julle is die stad op die berg, miskien net een kuis, maar die huis lag uit sy vensters (Johan Cilliers)

(Ons mis net die sout wanneer dit afwesig is) (Ons mis net leierskap wanneer dit nie daar is nie) (ons mis net liefde of ‘n geliefde wanneer hul weg is)

Peper verander die smaak van die voedsel, sout verbeter die smaak van die kos..

Paar draaie van die soutpot. Weet nie wat die ander person daarmee gaan maak nie, maar ek het gegee wat ek kon. Ek is sout- nie vir myself nie, maar vir die wêreld. Ek gee ‘n geur aan die wêreld. Ek probeer en probeer en probeer want dit is die regte ding om te doen.

Die soutpot is nie bedoel om net in die middel van die tafel te staan nie. Die Christen is nie bedoel om net in die kerk en by Bybelstudie te wees nie. Dit is juis gemaak om van waarde te wees daar waar die lewe jou maal, waar die lewe jou druk, waar jy van vorm verander, waar jy jouself in mense se lewens, in mense se verhale verloor…

- Seënbede: My gebed vir hierdie week is werklik dat ons daar waar ons leef en beweeg SOUT vir die aarde, Sout vir die aarde sal wees. Amen.